

SÊ DIT MET TEËLS

Wou jy nog altyd teëlvloere in jou huis hê? Ons wys jou stap vir stap hoe om dit self te lê

HULLE is veelsydig, mooi en prakties. Voeg daarby duurzaam en maklik om skoon te hou, en jy het oorgenoeg rede om koers te kry na Cashbuild vir alles wat jy nodig het om self teëlvloere in jou huis te lê. Die verbruikerskampioen het keramiekteëls wat jou styl en sak sal pas – in 'n wye verskeidenheid ontwerpe wat vir badkamers, kombuise, slaap-kamers, leefvertreke en oppervlakke buite geskik is. Gaan koop alles wat jy nodig het by Cashbuild en volg dan ons maklike aanwysings oor hoe om self teëls te lê.

BENODIGDHEDE

Teëltroffel van staal, plastiek-aanwender [plastic applicator], teëlsnyer, teëlvyl [tile-trimming file], rubber-aanwender [rubber squeegee], brypomp/kalfaat-spuit [caulking gun], waterpas, teëlknyper [tile nippers], rubberhamer [rubber mallet], teëlspasieerders, teëlsement (in sakke van 10 kg en 20 kg te kry), veiligheidsbril, dik werkhandskoene, gidspleister wat self afplat [self-levelling screed], Key It, Bond It, voegbry.

VOORBEREIDING

Die oppervlak wat jy gaan teël, moet eers deeglik skoongemaak word. Verwyder ou vloerbedekkings en behandel die oppervlak met 'n waterdigtingsmiddel as daar probleme met klammigheid is. Jy kan ook teëls op bestaande teëls lê.

Maar onthou, die nuwe teëls sal dan minstens 'n teël se dikte hoër wees en dit kan probleme in deuropeninge skep. Gebruik 'n bry van Key It om te verseker dat die nuwe teëls aan die oppervlak – ook bestaande teëls – vasplak. Verwyder alle knobels en vul holtes, of gebruik 'n gidspleister wat self afplat [self-levelling screed]. Hierdie stap is



FOTOTER ILLUSTRASIE

baie belangrik, want enige knobels sal die teëls laat kraak. Meet die gebied wat geteël moet word. Koop genoeg teëls om dit te bedek plus nog 10 persent om voorsiening te maak vir teëls wat breek of wat gesny moet word. Op die verpakking word die grootte van die oppervlak aangedui wat jy met een boks teëls kan bedek.

Nota: Wanneer jy teëls koop, maak seker al die bokse het dieselfde skakeringnommer en dat al die teëls van dieselfde kleur en grootte is, en geen defekte het nie. Meng die teëls van vier tot vyf bokse voor jy hulle lê.

Dit sal enige moontlike variasie in skakering minder opvallend maak. Cashbuild se winkelassistente sal jou met 'n mak-

like berekeningsmetode help uitwerk hoeveel teëlsement en voegbry jy sal nodig hê.

Sorg dat jy die nodige veiligheidsvoorsiening het wanneer jy met keramiekteëls werk, soos 'n veiligheidsbril en dik werkhandskoene.

STAP 1 - Sorg dat die oppervlak droog, skoon, gelyk en ferm is.

STAP 2 - Begin in die middel van die gebied teël. Gebruik bouerstou om te sorg dat jou rye reguit is. Maak seker dat jy terracotta-stoepteëls in die lyn van uitstoting lê (die patroon aan die agterkant van die teëls moet almal in dieselfde rigting wys). Dit mag dalk nodig wees om die teël te sny om in te pas wanneer jy die muur bereik.

STAP 3 - Wend teëlsement aan. Versprei dit eweredig met 'n gegroefde troffel. Werk in 'n klein area – sowat 'n meter op 'n slag – sodat die teëlsement nie droog word voor jy klaar is nie. Gebruik spasieerders tussen die teëls om te sorg dat hulle eweredig versprei word. Maak seker die teëls is stewig in die sement ingebed. Lig nou en dan 'n teël op om te kyk of die hele agterkant daarvan met sement bedek is. Laat die sement vir die aanbevole tyd droog word. Verwyder dan enige oortollige sement met die plat, reguit kant van 'n teëltroffel of gebruik 'n pleistertroffel.

Let wel: Wanneer jy groot gebiede teël, skep uitsitvoeë – 'n rytjie tussen die teëls wat met 'n buigsamer voegbry gevul word om vir strukturele beweging voorsiening te maak.

STAP 4 - Maak al die voeë tussen die teëls skoon deur enige vullis uit te krap. Wend die voegbry met die rubber-aanwender [rubber squeegee] of brypomp/kalfaat-spuit aan. Vervang die water in die voegbrymengsel met Bond It vir oppervlakke wat gereeld aan water blootgestel word, soos badkamervloere en in storte.

Let wel: Voegbry moet aangewend word 24 uur nadat die teëls gelê is om die sement behoorlik te laat droog word. Wanneer die voegbry droog is, maak die hele oppervlak met 'n klam lap skoon. Probeer 1 tot 2 dae lank nie op die teëls loop nie om te keer dat hulle los raak.

■ Gaan na www.cashbuild.co.za of bel Cashbuild se kliëntesorgnommer by 0860-100-582 vir nog inligting oor Cashbuild se omvattende reeks teëls en al die gereedskap wat jy sal nodig kry. Cashbuild se winkels is gerieflik oor die hele Suider-Afrika geleë. □

Cashbuild
GEWELDE SOORTMATERIAAL TEGEN DIE LAAGSTE PRYS
 DIE WINKEL VAN DIE GROOTSTE KEUSE

